LOFFIENUUS

Nuusbrief 13/2019

Webblad: www.gelofte.co.za
Epos: skoolhoof@gelofte.co.za
Facebook: Gelofte Skool Amptelike Blad

Geagte Ouer

1. SAKE VIR DIE HOOF SE AANDAG

Ons wys u graag daarop dat daar ‘n skeurstrokie aan die einde van hierdie Loffienuus is waarop u enige sake (positief of negatief) onder die hoof se aandag kan bring. Die hoof se direkte fakslyn is 031 702 7217 en die direkte e-pos is skoolhoof@gelofte.co.za. Ons ondervinding is dat ouers dikwels ‘n ander perspektief op ‘n saak kry as hulle al die toepaslike inligting tot hul beskikking het. Vra dus gerus indien u ongelukkig of onseker is oor ‘n saak.

2. BELANGRIKE DATUMS

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike datums vir die derde kwartaal. Let asseblief ook daarop dat hierdie slegs aktiwiteite is waarby ouers direk betrokke is. Daar is verskeie ander aktiwiteite soos aangedui op die skool se kalender vir 2019. Die kalender is op die webblad beskikbaar by www.gelofte.co.za asook op Communicator. Daar is wysigings aangebring.

9 AUGUSTUS	OPENBARE VAKANSIEDAG: VROUEDAG
16 AUGUSTUS	GELOFTE FEESVIERINGE 50 JAAR (08:00 DIE OGGEND)
16 AUGUSTUS	KULTUURAAND
17 AUGUSTUS	WILDSFEES
20 - 21 AUGUSTUS	TIENERTONEEL
26 AUG - 11 SEPT	PROEFEKSAMEN: GRAAD 12
7 SEPTEMBER	INTERSKOLE ATLETIEK: GRADE 3 - 7
18 SEPTEMBER	INTERNE ORATORS
19 SEPTEMBER	ENTREPRENEURSDAG: GRADE 7 EN 11
20 SEPTEMBER	GHOLFDAG
20 SEPTEMBER	RAPPORTE: GRADE 1 - 12
20 SEPTEMBER	SKOOL SLUIT VIR LENTEVAKANSIE

3. MATRIEKS

Ons wens al ons matrieks sterkte toe met hul proefeksamen wat binnekort ‘n aanvang neem. Die vertroue word uitgespreek dat al ons matrieks die erns van hierdie eksamen sal besef en toegewyd sal werk. Indien hulle nou deeglik voorberei, is die eindeksamen net soveel makliker.

4. PRESTASIES EN GELUKWENSINGS

Volg ons gerus op facebook by "Gelofte Skool Amptelike Blad". Deur foto's en prestasies op Facebook te plaas, bereik ons baie meer ouers as deur die plaaslike koerant wat baie keer foto's van die skool nie plaas nie.

5. MNR. SJARMANT EN MEJ. GELOFTE

Baie geluk aan die volgende leerders wat aangewys is as wenners en naaswenners:

Mej. Gelofte:	Linri Steenekamp
1ste Prinses:	Antoiné van der Merwe
2de Prinses:	Zoe Loedolf
Mej. Persoonlikheid en fotogenies:	Tylé Dreyer
Mnr. Sjarmant:	Ethan Vermeulen
1ste Prins:	Nathan Kapp
2de Prins:	SP van Tonder
Mnr. Persoonlikheid:	Nathan Kapp
Mnr. Fotogenies:	André Bruwer

Julle het pragtig gelyk! Baie dankie ook aan elke deelnemer wat daartoe bygedra het dat dit weer eens 'n spoggeleentheid was.

6. SEKONDÊRE LEERDERRAAD 2019/2020

Baie geluk aan die volgende Loffies wat verkies is as leerderraadslede vir 2020.

Voorste ry:	Stephan Kruger (Onderhoofseun), Linri Steenekamp (Onderhoofdogter), TK Mohapi (Hoofdogter), Nathan Kapp (Hoofseun)
2de ry:	Elmereé van Dyk, Zoe Loedolf, Tamique Bruintjies, Alicia Koekemoer, Léhanke Swarts, Cloemé Swart
3de ry:	Tylé Dreyer, Ansonel Marais, Stephen Mathetsa, Lianke du Plessis, Aminé Albertyn, Heinrich de Vos, Antoiné van der Merwe, Inge Britz
Agterste ry:	MJ Dyer, Chad van Rensburg, Thomas Cloete

7. ATLETIEK – SEKONDÊR

Ons is trots op ons Loffies wat pragtig presteer het tydens die Sekondêre interskole atletiek.

Tamique Bruintjies	1ste 100m
Tylé Dreyer	1ste 400m, 800m
	2de verspring
Elmereé van Dyk	1ste 1 500m
Rayven van Emmenis	1ste spiesgooi
Reinhard Venter	1ste gewigstoot
	2de 100m, 200m
Jean Rust	1ste gewigstoot
Madelein Wilmans	1ste 100m, 200m, verspring
	2de hoogspring
Kaelyn Moffat	1ste 400m
Diné van der Merwe	1ste hoogspring
	2de verspring
	3de 100m
TK Mohapi	1ste 100m
Franco Labuschagne	2de gewigstoot
Nadine Hefer	2de gewigstoot
Nathan Kapp	3de diskus, gewigstoot
Odette Bosch	3de 1 500m
Lloyd Thompson	3de spiesgooi

Spesiale toekennings:

Madelein Wilmans	Beste Dogters O/14 baanatleet
TK Mohapi	Beste Dogters O/16 baanatleet
Jean Rust	Beste Seuns O/15 veldatleet
Madelin Wilmans	Junior Victrix Ludorum

8. ATLETIEK – PRIMÊR

Baie dankie aan elke leerder en ouer wat betrokke was tydens die primêre atletiek Interhuisbyeenkoms. Die spanlyste vir verdere byeenkomste sal binnekort beskikbaar wees en inligting sal aan leerders gegee word.

9. FAST FIVE – SEKONDÊRE NETBAL

Baie geluk aan ons netbaldogters wat aangewys is as naaswenners van die “Fast Five netbaltoernooi”.

Agter: Nadine Hefer, Diné van der Merwe, Léhanke Swarts, Linri Steenekamp, Odette Bosch, TK Mohapi
Voor: Annerien van Jaarsveld, Me M Murray.

10. OUERAANDE

Ons versoek dat ouers wat personeel nog graag wil sien, vooraf 'n afspraak met die betrokke onderwyser maak voor u by die skool opdaag. Dit gebeur soms dat onderwysers nie dadelik beskikbaar is nie. Afsprake kan per e-pos gemaak word. E-posadresse van onderwysers is op D6 Communicator beskikbaar onder Bronne.

11. BEHEERLIGGAAM

NAAM EN VAN	E-POS	PORTFOLIO
Renier van der Merwe	renier@ecowiseplumbing.co.za	**Voorsitter**
		Terrein- en Veiligheidskomitee (Voorsitter)
Johan van Deventer	johanvd@labournet.com	**Ondervoorsitter**
		Dissiplinêre Komitee
Amanda Matthee	DBHMAN4@pepkor-logistics.com	**Finansiële Voorsitter**
Marianet Breytenbach	marianet.breytenbach@aon.co.za	Sport- en Kultuurkomitee
André Britz	arbritz@telkomsa.net	Dissiplinêre Komitee (Voorsitter)
Isak du Plessis	isak@palladiumit.co.za	Bemarkingskomitee
Hendrik Roux	hendrik@drakmill.co.za	Bemarkingskomitee (Voorsitter)
Bruce Schefermann	bigbruce@mweb.co.za	Dissiplinêre Komitee
Adele Swarts	adelle.swarts@gmail.com	Sport- en Kultuurkomitee (Voorsitter)
Misha Martin	skoolhoof@gelofte.co.za	Skoolhoof (Waarnemend)
Charmain Hefer	charmain.hefer@gmail.com	Onderwyser
Hendrik Janse van Rensburg	hvanrensburg@gelofte.co.za	Onderwyser
Reneé Gravett	gsadjunk2@gelofte.co.za	Onderwyser
Reinette Janse van Rensburg	gsadmin2@gelofte.co.za	Personeel
		Sekretaris
Ané de la Rey		Leerderlid
Ruan Potgieter		Leerderlid
Anri van Graan		Leerderlid

12. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die Loffies wat in die volgende twee weke verjaar. Ons vertrou dat julle heerlik bederf sal word en bid julle baie seën toe vir die nuwe lewensjaar.

Mia Venter, LC Gouws, Lizelle Jordaan, Matthew Mahlumba, Jeff Muller, Riley Prinsloo, Mariska Henning, Bryan Jacobs, Lenisha Lombard Benjamin Louw, Raymond van der Merwe, Garrick Otto, Ewan Burger, Talita Odendaal, Justin Bezuidenhout, Stephan Kruger, Lelani Labuscher, Marshall Lawrence.

13. ADVERTENSIES IN LOFFIENUUS

Indien u advertensies in die Loffienuus wil plaas kan u me. Reinette Janse van Rensburg kontak by gsadmin2@gelofte.co.za of by 031 702 7201. Koste beloop R100 per plasing.

14. HAY-HOE BP MOTORHAWE

Hay-Hoe BP motorhawe doen moeite om die skool te ondersteun. Ons versoek dus dat u hulle ook ondersteun wanneer u brandstof ingooi. U kan ‘n ondersteunerskaartjie by die skool se ontvangskantoor afhaal. U voltooi dan bloot die boek by die motorhawe wanneer u brandstof ingooi. ‘n Gedeelte van die bedrag word dan aan die skool geskenk. Daar word maandeliks ‘n trekking gehou waarin u die kans staan om ‘n gelukspakkie of ‘n karwas te wen.

15. SAAMRYGELEENTHEID

Die volgende saamrygeleenthede word benodig:
Vanaf Durban-Noord skool toe en terug. Kontak Alicia by 081 531 1104.
Vanaf Gelofte Skool na Northdene na skool (slegs vanaf Oktober). Kontak Paula by 079 302 0208.

16. E-POS

Ons het reeds ‘n baie groot aantal ouers wat die Loffienuus elektronies ontvang. Hierdie is uiteraard ‘n baie meer betroubare manier om seker te maak dat u die nuusbrief ontvang, aangesien die kinders soms vergeet van die nuusbrief wat in hul tasse lê. Indien u nog nie ‘n elektroniese weergawe van die Loffienuus ontvang nie, is u welkom om ‘n e-pos te stuur na skoolhoof@gelofte.co.za. Ons sal u dan op ons adreslys plaas. Die Loffienuus is ook op die webblad (www.gelofte.co.za) en op Communicator beskikbaar.

17. KONTANTVRYE SONE

Ons beklemtoon graag weer die volgende: ons streef daarna om die skool ‘n kontantvrye sone te maak en sodoende die versoeking by kriminele elemente te verwyder om die skool as ‘n sagte teiken te beskou. Dit sal dus waardeer word indien u van elektroniese betaalmetodes of tjeks gebruik sal maak.

Die skool se bankbesonderhede is soos volg:
Bank: ABSA
Rekeningnaam: Gelofte Skool
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 1137530569

M S MARTIN
SKOOLHOOF
(Waarnemend)

TERUGSTUURSTROKIE: KOMMENTAAR – VIR AANDAG MNR. M. MARTIN

NAAM VAN OUER: _____

NAAM VAN LEERDER: _____ GR. _____

KOMMENTAAR: _____

_____

_____ _____
HANDTEKENING KONTAKNOMMER